

## 7 Desember - VREES

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:18**

**D**ie woord “vrees” het twee gebruike in die Bybel. Eerstens as ’n aanduiding van angs, skrik en bang wees, en tweedens as ’n aanduiding van eerbied en respek vir God.

Vrees as bang wees is ’n direkte gevolg van die sonde (Gen 3:10). Die gevolg van hierdie vrees is dikwels vlug, wegkruip, onttrek, angs, beklemming en paniek. Dit het ’n verlammeende effek op u daaglikse bestaan, denke, doen en late. Dink maar net aan Adam en Eva wat uit vrees vir Here weggekruip het en hulle roeping versaak het. U kan sekerlik ook getuig wat vrees aan ’n mens doen.

God wil nie dat sy kinders moet vrees of bang wees nie. ’n Soldaat wat vrees, wat bang is, kan tog moeilik doelgerig en akkuraat sy opdragte tot uitvoer bring.

In 1 Johannes 4 word geopenbaar dat vrees ons wegdryf van God en ons naaste terwyl liefde saambind en ons nader aan God en mekaar trek. Wanneer die gelowige angs en skrik ervaar, is dit ’n teken dat die liefde nog nie tot volle ontwikkeling gekom het nie. Liefde kry by die gelowige dan nog nie die volle heerskappy wat dit behoort te hê nie.

Die volmaakte liefde wat ten volle ontwikkel is en haar volle krag kan beoefen, dryf die vrees uit, die bang wees vir en die wegvlug van God en mekaar.

Maar wat moet of kan u doen om die vrees te laat verdwyn? God sê vir Josua om daadwerklik aan die wet van Here vas te hou en nie links of regs daarvan af te wyk nie (Jos 1:9). Jesus sê dat die hele wet saamgevat word deur liefde vir God en jou naaste (Matt 22:40). Johannes sê dat ons God moet ken en moet liefhê. Hoe beter ons God ken en sy liefde vir ons verstaan, hoe groter word die liefde.

U moet die liefde van God ken en persoonlik toeëien. Waar die liefde tot volle krag gekom het, die hart vervul en alles beheers – daar laat hy geen plek vir die vrees, maar moet die vrees wyk.

Mag u ook jubelend sing: *“God het ek lief, want die getroue Heer hoor na my stem uit vrye welbehae”* (Ps 116 berymd).

*Sing: Psalm 116:1, 4 (1936-beryming)*

*Ds HL Stavast (Totiusdal)*